


# NG Gemeente Rietfontein-Suid

## Bybel Blokraai - April 2012

---



### Tema: Genesis 1 tot 15

#### Dwars

1. 'n Mineraal uit die land Hawila.
5. Hy het een seun meer gehad as Jakob.
7. Die area waarheen Lot getrek het.
8. God wys Abraham daarop dat sy nageslag vir soveel jaar lank in Egipte verdruk sal word.

11. Dit was voorheen nie die Soutsee genoem nie.
15. Abraham wou selfs nie eens 'n \_\_\_\_\_ neem van Kedor-Laomer se buit nie.
19. Die aantal lope van die rivier in Eden.
20. Die hoogte in el van elke vloer van die ark.
21. Sy het iemand anders se vrou geword ter wille van haar eie man.
22. 'n Kleinseun van Gam het hierdie stad van Jona gebou.
23. Hier was 'n terpentynboom.
24. Die aantal volwassenes in die ark.
26. Noag se beroep.
28. Dit het ook bygedra tot die hoeveelheid water op die aarde tydens die sondvloed.
29. Hy het maar gretig saam geëet aan die vrugte.
30. Op sy sterfbed was hy sewentien jaar jonger as toe sy oupagrootjie op sy sterfbed was (leidraad: die manne van naam).

## Af

2. Een van die dinge wat nooit sou ophou ná die vloed nie.
3. Die naam van die eerste stad waarna verwys word in die bybel.
4. Die naam van Abraham se broer wat gesterf het terwyl hul vader nog gelewe het.
6. Abraham het hierheen teruggekeer vanuit Egipte.
9. Die bediende wat alles sou erf.
10. God het dit op die tweede dag geskape.
12. Hiermee sal die mens sy brood verdien.
13. Die ark se lengte was soveel keer langer as die wydte.
14. Hulle is op die sesde dag geskape.
16. Noag het dit eerste uitgestuur vanuit die ark.
17. Verbondsteken.
18. Hierdie land was deel van 'n groot ryk waar ook 'n toring gebou was.
25. Die tweede oudste persoon in die bybel.
27. Die naam van die eerste dogter waarna verwys word in die bybel.